In die voorstellingswêreld van 'n aspirant-teologiese student, lê daar op die terrein van die sistematiese teologie 'n geheimsinnig-opwindende bekoring. Dan land hy in die lesingkamer vir sistematiese teologie, oorhaastig-gretig om met die slag ter verowering van hierdie wye gebied te begin.

En dan ervaar hy grote teleurstelling. Want sy eerste indruk by toetrede tot die lesingkamer van Prof. H. P. Wolmarans is die belewing van 'n geweldige gemis. Hier is alles behalwe opwinding; alles behalwe avonturiers-geesdrif. Hier is eintlik presies die teenoorgestelde daarvan. Hier is verANTWOORD-likheid Hier is 'n WOORD gehoor waarop geANTWOORD moet word. En ook die reis in hierdie wye landskap in, sal niks anders kan wees as 'n daad van gehoorsaamheid aan,—en ver-ANTWOORDing voor—, daardie Woord nie.

Hier is die veldheer van die veldtog, besig by die aanvang van die tog, nie om sy volgelinge met opruiende toesprake aan te vuur nie, maar om met pynlike nougesetheid en eindelose kalmte hulle toerusting te inspekteer.

Van die eerste dag af het Prof. Wolmarans dit by sy studente ingeskerp: die absoluutheid van die Woordopenbaring van God, die Vader van Jesus Christus. Daarom en daarom alleen het dit gegaan: die beskikking oor 'n onfeilbare norm ter beoordeling van elke verskynsel wat hom binne en buite die Christendom as godsdiens of godsdienstigheid voordoen. Daarom het sy studente ook spoedig ervaar dat juis die eerste gewaarwording, die gemis aan opwinding en oormoedige entoesiasme, die kosbaarste kenmerk van die onderrig van Prof. Wolmarans

[29]) H. Petri, *Das Weltende im Glauben australischer Eingeborener*, in Mensch, Mythe und Umwelt, hrsg. v. A. E. Jansen (= Paideuma IV) Bam., berg 1950, S.349–362.
[30]) G. Eckert, in Forschungen und Fortschritte (Berlin), XVII (1941), S. 60.

was. Hier kon—en moes—immers „die geeste ondersoek word, of hulle uit God is”. Hier was plek vir geen „waterlose wolke deur winde ronddrywe” nie. Lank het die besef ook nie uitgebly nie dat 'n magtigdrywende wind 'n waterlose wolk nog nie minder waterloos maak nie; en dat dit buitendien ook geen uitsonderlike wind vereis om 'n waterlose wolk voort te drywe nie.

Het 'n verskynsel, aan die ander kant, die toets deurstaan, is hy 'n „betroubare woord” bevind, dan is hy „werd om *ten volle* aangeneem te word”, d.w.s. rustig en nugter toege-eien te word; dan het só 'n woord, juis omdat hy kragtens sy betroubaarheid vanself blywend is, ook geen behoefte aan ondeurdagte of half-deurdagte, en daarom goedkoop, entoesiasme en geesdrywery nie.

Positief gestel: die rustigheid en eenvoud van Prof. Wolmarans se onderrig was die noodwendige gevolg van sy wetenskaplik-geformuleerde helderheid oor—en sy gevolglike bewyste vertroue in—die grond waarop hy staan, nl. die Woordopenbaring van die God van die Bybel.

Sy teologiese arbeid win ongetwyfeld nog meer aan status as in gedagte gehou word dat hierdie oortuiging reeds die grondstruktuur van sy teologiese denke gevorm het toe die name van Karl Barth en Emil Bru ner in die wêreld nog betreklik—en in Suid-Afrika nog totaal—onbekend was. Vergelyk hiervoor nie alleen sy doktorsproefskrif nie, maar ook verskeie ander vroeë publikasies bv. „Is die kerklike verkondiging van Gods Woord ook Gods Woord?” in „Nieuwe Theologiese Studiën” 1933, bls. 255 vv. Begrippemateriaal soos die absoluut-kwalitatiewe verskil tussen God en mens, die gans andersheid van die Woordopenbaring van God, die volstrekte Middelaarskap van Jesus Christus, geloof as genadegawe, ens., wat sederdien, hoofsaaklik as resultaat van die Dialektiese Teologie en die daardeur-gestimuleerde arbeid op alle terreine van die teologiese wetenskap, opnuut onbetwiste en afdoende betaalwaarde in die teologiese wêreld gekry het, tree van die begin af met 'n metale klank van verworwe én besonke sekerheid in sy werk op.

Wat 'n nuwe wêreld, wat 'n verruklike vergesig het nie in sy lesingkamer geleidelik—niks het dáár plotseling gebeur nie—voor sy studente oopgevou nie! Met groot vrymoedigheid word hier geboekstaaf dat onder en deur sy onderrig, méér as waar ook elders, die uitdrukking, „die teologie, die koningin van die wetenskappe” (Theologia Regina Scientiarum) opgehou het om 'n leë en daarom aanmatigende slagspreuk te wees, en 'n besielende en uitdagende werklikheid geword het.

Ons het na sy lesingkamer gekom met 'n magdom grootdoenerige entoesiasme oor die ontmoeting met Mohammed en Buddha, Zeus en Baäl, Dionysos en Osiris; ons is daar weg, ootmoedig klein maar dankbaar-bly, met die Bybel in ons hande. Dit is wat sy studente van hom ontvang het: Die Woord van God as enigste en laaste maatstaf van beoordeling vir elke verskynsel, en die vermoë—in soverre dit wel moontlik is vir iemand wat hierdie vermoë besit, om dit aan ander deur te gee,—

om, nie een of ander teologie of een of ander sogenaamde „lewens- en wêreldbeskouing" nie, maar die Bybel self, te laat spreek.

Nie alleen die gebied van die godsdiensgeskiedenis, met sy bonte menigte verskynsels, moes aan die eise van hierdie enigste norm voldoen, óf as waardeloos ter syde gelaat word nie, ook elke ding binne die Christendom en binne die kerk—ook hier te lande, wat hierdie toets nie kon deurstaan nie, moes meedoënloos aangemerk—en verwerp—word as heidendom; miskien—en nogal dikwels—vrome heidendom, maar desnieteenstaande onherroeplik heidendom. Onafsigtelik is die ellende van verspilde energie, frustrerende doenigheid en futiele bedrywigheid in die kerklike lewe van ons volk wat ons gespaar gebly het as resultaat van hierdie onderrig. Wie sal bereken hoeveel maal daar in pastorieë van sy oudstudente te midde van die verlammende magteloosheid van 'n poging om werklik tot 'n gesprek te kom met 'n kollega of ander godsdiensyweraar wat die vermoë tot beoordeling nie besit nie, omdat hy hierdie vorming ontbeer het, 'n heimlike danksegging gedoen is vir die teologiese skoling in die lesingkamer en onder die hande van H. P. Wolmarans. Hoe bloot en weerloos moes onsself nie daarsonder gewees het teen sovéél welgemeende, en juis daarom so-bejammerenswaardige, dwaling nie!

Ook óór die grense van die streng-kerklike en -godsdienstige lewe het sy blik gereik. Die kulturele en staatkundige lewe van sy volk het vir hom naby die hart gelê, en daarvan het hy nooit 'n geheim gemaak nie, ook nie in die dae toe dit gewoonte was om sulke gevoelens, indien dié bestaan het, te verberg nie. Ook hiervoor leef daar by sy oudstudente 'n dankbare waardering wat waarskynlik nog nooit in woorde uitgespreek is nie. Maar ook op hierdie terreine moes elke verskynsel wat sy buiging maak, steeds eers die skroeiende toets deurstaan van die vraag: „Waar kom hy vandaan? Spruit hy uit gehoorsaamheid aan die Woord van die Here? Of is hy dalk 'n poging om volk en kultuur, desnoods God self, eie wense en begeertes te laat gehoorsaam"? In die laasgenoemde geval moes hy meedoënloos afgewys word, ook wanneer dit gaan om die vervulling van Prof. Wolmarans en sy studente se eie kosbaarste wense en begeertes.

Binne die veilige ruimte van die akademiese lesingkamer het hierdie saamly en saamworstel en saamsoek met sy volk ook nie gebly nie. Meermale het hy, met haas-profetiese verontagsaming van alle oorwegings van eie gewildheid, in samesprekings op 'n hoë vlak, van kerklike, kulturele en staatkundige aard, homself lynreg in die pad van die stroom van bruisende geesdrif en vlak optimisme geplaas. En telkens was dit so dat, terwyl hy spreek, die maklike optimisme verkoel het, terwyl die lug skoon en die horison wyd geword het.

Kenmerkend van sy hele roepingsbelewing was sy selfverloënende en eensame stryd, tot in die geregshof, teen die indringing van die Kommunisme in Suid-Afrika, in 'n tyd toe Suid-Afrika militêr die bondgenoot van kommunistiese Rusland was.

Om twee redes sal die bydrae van Prof. Wolmarans tot die kerklike en kulturele lewe van sy volk moeilik definieerbaar en onvoldoende gewaardeerd bly:

(*a*) Hy het nie dissipels gevorm, miniatuur-uitgawes van homself, wat aangewys en getel kan word nie, maar selfstandige soekers en werkers wat self alleen weet hoeveel van hulle oorspronklikheid aan hom te danke is;

(*b*) Dit is altyd moeilik om skade wat verhoed is, te takseer. En dit, om vooruit te sien en te waarsku en af te weer, om skade te verhoed, is dié groot bydrae van Prof. Wolmarans tot die geestelike lewe van sy kerk en volk. Maar dit is presies die verdienste van 'n profeet. En profete word gestenig, maar onthou.

Twee eienskappe van hom sal vir elke oud-student van hom 'n besielende en beskamende ideaal bly: sy volstrekte nederigheid en sy weerlose eerlikheid.

By sy uittrede groet sy oud-studente hom as die lewende uitleg van die Woord: „Wie sy siel verloor om My ontwil, sal dit vind".

C. L. v.d. BERG